

**Sondag 5 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 4:2-22**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 4:20-22**

### **Gee aan die Here die eer wat Hom toekom**

'n Seuntjie word gebore in die huis van die priester Pinehas. Geboorte is gewoonlik rede vir vreugde. Maar nie in Pinehas se huis nie. Die seuntjie se ma lê op sterwe as sy geboorte skenk. Sy pa is vroeër die dag op die slagveld dood. Sy oupa Eli, die hoëpriester, het op dieselfde dag van sy stoel geval, sy nek gebreek en gesterf. Die baba word weeskind by geboorte. Drie sterftes op een dag. Dis nou buiten die 30 000 manne wat op die slagveld teen die Filistyne gesneuwel het.

Die seuntjie wat op daardie noodlottige dag gebore is, kry 'n naam. Sy sterwende ma noem hom *Ikabod*. Dit beteken: geen eer nie. Die ma het haar kind met rede so genoem: "Weggevoer is die eer uit Israel, omdat die ark van God geneem is."

Dis eintlik 'n hartseer geskiedenis wat aan klein Ikabod se geboorte voorafgaan. Israel leef in 'n staat van yslike godsdienstige verval. Priesters maak soos hulle wil (1 Sam. 2). Die diens aan God word bespotlik gemaak. Die HERE het sy oordeel by monde van die jong seun Samuel daarvoor aangekondig (1 Sam. 3). Die oordeel is vinniger voltrek as wat iemand ooit kon vermoed.

Israel word deur die heidense Filistyne verdruk. Hulle besluit om die juk af te werp. By Ebenhaeser word die stryd besleg. Israel word verslaan. Die volksleiers kla: Hoe is dit moontlik? "Waarom het die HERE ons vandag voor die Filistyne verslaan?" So al asof die oudstes nie weet hoe en hoe erg die volk die HERE minag nie. 'n Plan word beraam: "Laat ons die verbondsark van die HERE uit Silo na ons toe bring, dat dit onder ons inkom en ons verlos uit die hand van ons vyande."

Hierdie plan getuig van vermetele goddeloosheid. Die HERE word immers nie soos 'n afgod in 'n ark van goud en hout rondgeskuif nie. Hy laat Hom nie hiet en gebied deur 'n volk wie se hart nie op Hom gerig is nie. Dit is geen wonder dat God sy ark laat wegvoer nie. As die volk nie by Hom wil leef nie, is Hy ook nie langer by hulle nie.

Weg is die ark. Weg is die eer. Die HERE se eer. Ikabod se naam spel dit in soveel woorde uit.

Gee ons aan God die eer wat Hom toekom? Of is Hy 'n spaarwiel in ons lewe? Christus het gekom om die eer van God te herstel (Luk. 2:14). Word dit sigbaar en hoorbaar in jou lewe? Ikabod dwing ons tot besinning: Gee aan die Here die eer wat Hom toekom.

*Sing: Psalm 99-1:1, 5*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*